DIRIKA BOERDERY VERSLAG.

1930 .

Die ondergetekende het die eer as volg te raporteer oor die toestand en werksaamhede van die boerdery:

BEESTE.

Om die kudde van prulle te suiwer is 21 beeste verkoop- dit is klein en groot beeste- vir die som van £67. Na Mwadzu is 8 beeste gestuur wat verlede jaar nog by die boerdery kudde getel was. 2 Ou beeste is geslag , hulle was nie meer geskik vir die mark nie,en die volk het vir die vlees werk verskaf ter waarde van £4. 7 Kalwers is dood aan gewone bees siektes. Twee beeste is verongeluk, en twee jong beeste is dood aan tsetse. So is die getal 180 van die vorige jaar verminder tot 138. Met die aanteel van 35 gesonde kalwers staan die getal nou op 173.

Oor die algemeen was daar minder siekte onder die beeste van jaar, en hulle is in goeie kondisie.

Die mark vir botter bly goed en is nog die beste bron van inkomste vir die beeste afdeling van die boerdery.

Hoenders.

Om die hoender boerdery meer betalend te maak is 'n broeikas dringend nodig. Gehoop word dat die H.E.W. Sending Kommissie toestemming sal gee tot die aankoop van 'n geskikte broeikas. Die prys vir eiers van Europese hoeners is gemiddeld 2/- per dosyn, en daar is gereelde aanvraag voor.

GROENTE EN VRUGTE .

Vir hierdie deel van ons boerdery is daar 'n vaste mark en ons verkoop al wat ons kan produseer. Die vrugte boorde van lemoene nartjes, perskes, guavas, mangos , pisangs ens. is mooi en gesond.

KORING.

As gevolg van droogte was ons koring oes 'n mislukking. Die surplus van verlede jaar het ons gehelp om die mark te voorsien. Die vooruitsig op 'n beter oes vanjaar is gunstig.

KOFFIE.

Die koffie plantasie is baie mooi. Die 400 boompies wat 'n paar jaar gelede geplant is, is nou in drag en sal hierdie jaar die eerste oes lewer. Die nuwe plantassievan 4000 boompies wat in die begin van 1930 aangeplant is belowe om 'n sukses te wees. Volgens opdrag van die Sending Kommissie sal [illegible] d[illegible] plantasies van die Z.I.M. in Nyasaland besoek op die geskikste tyd in die loop van 1931.

Bosaanplanting.

In die begin van 1930 is 12000 boompies geplant. Dit spyt ons dat weens droogte daar maar 200 gomboompies aan groei is. O[illegible] [illegible] probeer en hoop om met gunstiger weer [illegible] hede meer sukses te he.

Finansiele Toestand. (Sien staat)

AANBEVELINGS.

A. 'n Sement vloer vir die melk kamer .

B. Die dip op Witkop moet gerepareer word.

c. 'n Broeikas word gekoop vir die hoender afdeling.

Ons het die eer ons te noem ,

U dw.dienaars,

[illegible]

G. Dippenaar.

Dirika.

9 Jan. 1931 .